# 21 Junie 2023 - Lesing 54 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

Siekte en leed is noodsaaklik om die siel te reinig – 29/1/58

**NO: 7028** Dra julle kruis met geduld, word nie wankelmoedig in die geloof nie en dink daaraan dat julle Vader in die Hemel alles weet, dat julle nie alleen is in julle nood nie. Weet dat Ek julle te voet volg en naas julle gaan, as julle maar met My verbonde sal bly **in gedagtes, gebed en liefdeswerke**. Julle kan julleself dan getroos tot Myne reken oor wie Ek My Hande beskermend hou, - selfs as julle skynbaar hulpeloos is. Maar julle moet My vertrou en nooit twyfel aan My liefde nie, wat julle slegs wil vorm vir 'n ewige lewe in saligheid.

***1Petrus 4:8*** *Maar bo alles moet julle mekaar vurig liefhê, want* ***die liefde sal 'n menigte oortredinge bedek.***

Dit gaan om die heil van jou siel en dit hang af van die **liggraad waarin jy kan binnegaan na jou liggaamlike dood**. Neem jy nou ook slegs ligte omhulsels met jou saam, dan sal ook die ligstraal wat jou siel moet beroer, verswak wees. As jy **van alle omhulsels bevry** is, dan sal jy ook die hoogste saligheid geniet deur die ligstrale, wat ongehinderd na jou toe kan kom. Jy sal onmeetlik salig wees, waarvoor jy slegs 'n baie kort smartlike aardse lewe moes verdra.

Dink hieroor na en vertrou op My dat Ek daarvan op hoogte is en ook van wat jy in staat is om te dra. Met die oog op die naderende einde sal ook My Krag Homself somtyds openbaar, dog altyd eers wanneer 'n doel bereik is, **wanneer die reinigingsproses by 'n siel ook suksesvol was**, **wanneer die siel ook genees is**, sodat die genesing van die liggaam daarop kan volg, sodat sy My nog in die laaste tyd dienste kan bewys. Want dit gaan oor die heil van die siele en elke mens is in geestelike nood wat hulself nog nie geheel en al aan My oorgegee het nie. Die siel is nog siek en het goeie medisyne nodig, wat Ek haar wil aanbied deur julle - My dienare van die eindtyd.

Nog net 'n kort tydjie en die geleenthede wat vir die mense nou nog die redding vir hul siel sou kon bring, sal verby wees. 'n Kort tydjie nog en vir elke mens sal die einde gekom het, waarby hy nie meer vir sy siel kan sorg nie, wanneer dit ondeurdringbare nag is as die siel nie ontvanklik vir lig geword het en haar nood verby is nie.

Maar solank die aarde nog bestaan en een mens nog op hierdie aarde mag vertoef, moet **hy alleen** daarvoor sorg dra dat sy digte omhulsel afgewerp word, dat sy siel die lig bereik vóór die nag aanbreek.

Want die einde staan onherroeplik voor julle, onherroeplik sal julle mense deur die nag verras word, julle wat nie na My luister of aan My Woorde geen geloof skenk nie. Julle hoef in die geheel nie te vrees nie, want julle kan altyd seker wees van My Liefde en erbarming, **maar julle moet ook daarvoor vra**. Julle moet self iets daarvoor doen, sodat ook Ek julle My liefde en ontferming kan laat toekom. Julle sal moeite moet doen om die **laer substansies** wat julle siele omgeef en wat nog moet afval, kwyt te raak.

En omdat julle dikwels daarin faal, gryp Ek Self in en laat nood en siekte oor julle kom, want dan kan bewerkstellig word wat julle nie uit eie beweging gedoen het nie, naamlik om aan julle siel te arbei sodat sy ontvanklik kan raak vir lig en kan ingaan in die geestelike ryk, **want reeds 'n geringe graad van lig, sal julle siel gelukkig maak**.

Maar hierdie liggraad kan julle op aarde nog vergroot indien julle alles in oorgawe op julleself neem, indien julle julle kruis geduldig en berustend sal dra en indien julle ook op hierdie wyse sal deelneem aan JaHshua se weg van die kruis, wanneer julle Hom sal navolg in liefde en leed.

Dan kan julle siel haarself reeds op aarde vergeestelik en is sy waarlik 'n lot beskore in die ryk van die lig, **wat haar onmeetlik gelukkig sal maak.** Daarom moet die swaarste leed julle ook nie moedeloos laat word nie, want Ek weet wanneer die kruis te swaar vir julle sal word - en dan neem Ek dit oor by julle **en dra dit vir julle.** In My sal julle waarlik 'n sterke Steun vind en vir My is te alle tye alles moontlik.

Maar julle moet My daarom vra in die volste vertroue in My Liefde, My Wysheid en My Krag. Want Hulle wil Hulself uiter teenoor My kinders, teenoor hulle wat Myne is en wil bly tot in alle ewigheid. Amein.